

VIII. GEVOLGTREKKING

Die Trekkers se Gelofte van 1838 het aanleiding gegee tot die volksfees wat (tot op hede) vir die langste ononderbroke tyd in Suid-Afrika gevier is. Dit het 'n betekenisvolle kultuurhistoriese invloed op die Afrikaner in die besonder, maar ook in 'n geringer mate op die res van die Suid-Afrikaanse gemeenskap uitgeoefen. Om die waarde daarvan na behore te probeer bepaal, was dit nodig om die oorsprong, groei en betekenis van hierdie herdenkings deeglik te ondersoek. In die proses het dit duidelik geword dat talle wanbegrippe oor die Gelofte en die herdenkings daarvan tussen 1838 en 1910 bestaan. Al die besonderhede omtrent die aflegging en inhoud daarvan sal nooit ten volle vasgestel kan word nie, omdat voldoende primêre bronne nie daaroor beskikbaar is nie. Wanvoorstellings, byvoorbeeld dat vierings baie ongereeld voor 1911 plaasgevind het en dat die Gelofte geen aandag onder Kapenaars geniet het nie, kon wel met inligting uit tydgenootlike bronne weerlê word.

1. ONTWIKKELING VAN GELOFTEHERDENKINGS (1838 TOT 1910)

Al sal die presiese bewoording van die 1838-Gelofte nooit vasgestel kan word nie, is dit duidelik dat dit die onderneming bevat het dat die dag van die beslissende slag teen Dingane se Zulumag deur die Trekkerstryders en hulle nageslag herdenk sou word. Die eerste viering het dus pas na afloop van die Slag van Bloedrivier op 16 Desember 1838 plaasgevind.

In die daaropvolgende pioniersjare het dit skynbaar hoofsaaklik binne huis- en kleiner groepsverband geskied, totdat dit in 1864 deur bemiddeling van di. D.P.M. Huet en F.L. Cachet tot kerklike vakansiedag in Natal verklaar is. Van hierdie datum af het vierings in dié kolonie en die ZAR gegroei tot byeenkomste wat binne kerklike verband in gemeenskappe herdenk is. Die Transvaalse Regering het 16 Desember in 1865 tot nasionale vakansiedag verklaar en geleidelik het dit onder die naam Dingaansdag begin bekendstaan.¹

Nadat georganiseerde volksvergaderings oor die vryheidstryd teen Brittanje in 1879 en 1880 rondom 16 Desember gehou is, het dit 'n dieper nasionale betekenis verkry en is dit al wyer deur Afrikaners gevier. Dit was selfs in die Oranje-Vrystaat die geval, hoewel statutêre

¹ D.W. Krüger, *Die viering van Dingaansdag 1838-1910*, pp. 11-15; M.J. Swart, *Geloftedag*, pp. 15-17.

erkenning eers in 1894 deur hierdie Boererepubliek aan die dag verleen is.² Dit is interessant om daarop te let dat bogenoemde volksvergaderings op 16 Desember ook dié dag gevestig het as jaarlikse geleentheid waarop politieke verset gereël, gepeil en bespreek kon word. In die twintigste eeu sou swart bevrydingsbewegings dit veral in hierdie verband benut.

Verskeie tipes Dingaansfeeste het teen die laaste kwart van die negentiende eeu ontwikkel. Daar was tuisvierings, gemeentelike byeenkomste, herdenkings van bepaalde kerklike denominasies, die Staatsfeeste by Paardekraal en vierings wat deur gemeenskappe self gereël is. Van die programme is in die opelug op historiese terreine soos Bloedrivier, Vegkop en Paardekraal, of pleine en parke in stede en dorpe gehou. Andere het binneshuis in woonhuise, kerke of gemeenskapsale plaasgevind. Deur die twintigste en tot in die een-en-twintigste eeu sou al hierdie verskillende soorte herdenkings bly voortbestaan.

Vanaf ongeveer 1887 het die behoefte aan deeglik georganiseerde herdenkings gegroei. Gemeenskappe het Dingaansfeeskomitees of -kommissies uit hulle leiers gekies om behoorlike reëlings te tref.³ Hierdie verkiesings was 'n belangrike demokratiese leerskool vir mense wat andersins dikwels in afsondering geleef het. In die Oranje-Vrystaat en die Boerekrygsgevangenekampe (tydens die Anglo-Boereoorlog) het debatsverenigings ook 'n vername rol in dié verband gespeel.⁴ Na afloop van laasgenoemde oorlog is algemeen aanvaar dat 'n fees net na behore kon plaasvind indien dit deur 'n sodanige liggaam gereël sou word. Daar is selfs gevoel dat kleiner gemeenskapsfeeste met mekaar moes saamspan om groter byeenkomste met meer indrukwekkende programme daar te kan stel.⁵ In die twintigste eeu het Afrikanerkultuurorganisasies al hoe meer by die organisering en inhoud van programme betrokke geraak, hoewel die godsdienstige aard van die herdenkings uiteraard altyd die vernaamste plek daarby ingeneem het.

Wat onderwerpe betref wat deur feesredenaars bespreek is, was dank tot God, die historiese agtergrond van die aflegging van die Gelofte en die algemene volksverlede

² Republiek van die O.V.S., *O.V.S. wetten 1892-1898*, p. 46.

³ P.H. Kapp, *Ons Volksfeeste*, p. 58.

⁴ W.A. Odendaal en P.C. de Jager, *Viering van Dingaansdag*, pp. 3-6, 8-10; B. Booyens, "Ek heb geseg!" *Die verhaal van ons Jongeliede- en Debatsverenigings*, pp. 62-63; S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902*, D.Phil.-proefskrif, U.O.V.S., 1975, p. 241.

⁵ *De Volkstem*, 1911-01-06 (Dingaansdag-Feesten), p. 10.

prominent. Volkssedes is ook dikwels onder oë geneem. Vanaf ongeveer 1881 is ‘n wyer groep temas van volksbelang, soos die ekonomie, onderwys en volkereverhoudings hierby betrek.⁶

Na afloop van die Anglo-Boereoorlog is toenemend op toekomsgerigte, bemoedigende boodskappe gefokus.⁷ Interessant genoeg is die hoop dikwels tussen 1902 en 1911 uitgespreek dat Dingaansdag in die toekoms saam deur alle inwoners van die land gevier sou word.⁸ Daar kan aanvaar word dat die bittere gevolge van die Rebelle van 1914 voorlopig ‘n einde aan die ideaal gebring het. Eietydse bronne bewys ook dat dit deurentyd hoofsaaklik sekere Afrikaners was wat die Gelofte herdenk het. In dorpe en stede het die res van die inwoners die dag jaarliks met vermaak (byvoorbeeld musiekkonserte, pieknieks, skoue en sport) deurgebring of handelsaktiwiteite soos op gewone weekdae voortgesit.

In die laaste twee dekades van die negentiende eeu het die media toenemend betrokke geraak in kritiek oor feesprogramme, die inhoud van sprekers se boodskappe en die wyse waarop 16 Desember deurgebring moes word.⁹ Later het dagblaaië mekaar se beriggewing en kommentaar oor hierdie aangeleenthede oor en weer begin kritiseer.¹⁰ Dan was daar ook die vierders self wat stry gekry het oor die vrae of feesprogramme aan Sondagwetgewing onderhewig moes wees en slegs op godsdienstige wyse, of ook met volksvermaak soos debatte of boeresport deurgebring moes word.¹¹ Kritiek is nodig vir evaluering en groei, maar in die twintigste eeu het die publiek en media mettertyd soveel kontroversie aan alle aspekte rondom die Gelofte gekoppel, dat die persepsie by talle Afrikaners ontstaan het dat dit beter sou wees om die herdenkings totaal te staak. Hierdie jammerlike toestand se oorsprong is dus reeds in die negentiende eeu te vinde.

⁶ M.J. Swart, *Geloftedag*, p. 25; *De Volksstem*, 1882-12-16 (Berig), p. [2]; M.J. Swart, President Steyn en Geloftedag, *Die Kerkbode* 88(24), 1961-12-13, pp. 882-883.

⁷ P.W. Grobbelaar, *Volkslewe van die Afrikaner. Die verhaal van ons volkskunde*, p. 6.

⁸ *The Star*, 1904-12-16 (Editorial), p. 8; *Pretoria News*, 1904-12-17 (The last rites), p. 7; *Pretoria News*, 1910-12-16 (Editorial), p. 4.

⁹ W.J. de Kock, Waar Paardekraal se vinger wys, *Die Brandwag* 11(640), 1950-01-06, p. 18; M.J. Swart, By hierdie Geloftedag was daar drank en ‘n dobbel-meisie, *Die Huisgenoot* 42(2230), 1964-12-18, p. 18; A. Coetzee, *Die opkoms van die Afrikaanse kultuurgedagte aan die Rand 1886-1936*, p. 85; *The Friend*, 1905-12-15 (Editorial), p. [5].

¹⁰ *De Volksstem*, 1896-12-18 (De “Star” en het Paardekraalfeest), p. 1.

¹¹ W.A. Odendaal en P.C. de Jager, *Viering van Dingaansdag*, pp. 12-14; *De Volksstem*, 1911-01-06 (Brief: L.E. (pseud.), Standerton), p. 6.

Veral na afloop van die Anglo-Boereoorlog is al meer aandag aan die rol van kinders by feeste geskenk. Enkele byeenkomste is spesifiek net vir die jeug gehou, hoewel volwassenes altyd daarby welkom was.¹² Die jong vierdertjies het grootgeword en herdenkings op 16 Desember het vir hulle ‘n vanselfsprekendheid gebly. Dit is waarskynlik een van die vernaamste redes waarom Geloftevierings so ‘n lang geskiedenis in Suid-Afrika het.

Die eerste Dingaansfeeste in die Kaap het eers, sover bekend, na Uniewording plaasgevind, toe 16 Desember volgens wetgewing ‘n nasionale Suid-Afrikaanse vakansiedag geword het. Tog was daar deur die loop van die negentiende eeu deurlopende belangstelling in Gelofteherdenkings onder Kaapse Afrikaners en het van hulle selfs aan feeste in die res van Suider-Afrika deelgeneem.¹³ Die totale Kaapse louheid jeens Dingaansdag waarvan so dikwels geskryf word, is dus soos reeds genoem, nog ‘n wanopvatting oor die onderwerp.

Vanaf 1911 het Gelofteherdenkings geleidelik nasionale ondersteuning verkry en gegroei, sodat daar tans geen Afrikanergemeenskap in die land aangetref kan word wat nie in een of ander stadium deel aan vierings op 16 Desember gehad het nie. Selfs anderstaliges het by geleentheid feeste gehou of by Afrikaanse programme ingeskakel. Dit kan egter eerder as uitsonderings op die reël beskou word. Soos wat Afrikaners ook buite die landsgrense gereis, gestudeer, gewerk, geveg of verhuis het, het die feestradisie saamgegaan en teen die een-en-twintigste eeu kan genoem word dat Gelofteherdenkings al op al die kontinente ter aarde plaasgevind het!

2. BETEKENIS VAN GELOFTEHERDENKINGS (1838 TOT 1910)

Volksfeeste het ‘n besondere plek in die ontstaan en ontwikkeling van die Afrikaanse volksaard ingeneem. As kultuurskepping het dit al die fasette van die Afrikaanse bestaan omsluit en derhalwe bied ‘n studie van hierdie feesvierings ‘n unieke insae in die volkslewe.¹⁴

Gelofteherdenkings is uniek omdat dit volksfeeste is, maar tegelykertyd ‘n sterk godsdienstige inhoud het, wat deur die jare betreklik onveranderd gebly het. In die res van die wêreld het

¹² *The Friend*, 1908-12-15 (Report), p. 4; *The Friend*, 1908-12-17 (Dingaan’s Day), pp. 5, 8; *The Friend*, 1909-12-17 (Dingaan’s Day), p. 5; *The Friend*, 1909-12-20 (Dingaan’s Day), p. 4.

¹³ P.H. Kapp, *Ons Volksfeeste*, p. 50; *De Volksstem*, 1896-12-17 (Het Paardekraalfest), p. 1; *The Friend*, 1903-12-21 (Dingaansdag), p. 7; *De Kerkbode* 14(50), 1924-12-10 (Redaksioneel), p. 1628.

¹⁴ H.B. Senekal, *Die feesgebruike van die Afrikaanssprekendes op die Witwatersrand: ‘n Sosiologiese studie*, D.Phil.-proefskrif, U.P., 1970, p. 504.

feeste met ‘n religieuse eed as oorsprong of danksegging vir uitredding as agtergrond, mettertyd ‘n baie sterk kommersiële of sekulêre inhoud ontwikkel. Voorbeelde hiervan is Dankseggingsdag in die VSA¹⁵ en Guy Fawkes in Brittanje.¹⁶ Die herdenking wat die sterkste ooreenkomste met die Geloftenakoming toon, is die Passiespele in Oberammergau, Duitsland. In 1633 het die inwoners van dié dorpie met ‘n eed aan God beloof om ‘n gereelde Passiespel op te voer indien hulle van die pes gespaar sou word. Hulle het oorleef en in 1634 is die eerste opvoering dan ook gehou. Sedert 1680 word dié spele een keer elke tien jaar gehou, met die uitsondering van 1870, 1920 en 1940, toe oorlog dit onmoontlik gemaak het. Op die oog af het die godsdienstige inslag in die vierings behoue gebly, maar die bevolking van Oberammergau oorleef vandag hoofsaaklik van inkomste wat uit toerisme gegenerer word.¹⁷ In teenstelling het Gelofteherdenkings nooit ‘n permanente inkomstebron vir enige vierder geword nie en nog minder in ‘n toeristelokmiddel verander.

Die byeenkomste ter nakoming van die Gelofte van 1838 het ‘n onuitwisbare invloed op die Afrikaner en selfs die Suid-Afrikaanse kultuurgeskiedenis gehad¹⁸ en midde-in die volk se kultuurstryd gestaan.¹⁹ Deur die jare het byeenkomste eie tradisies geskep. As oudste Afrikanerfees het dit die viering van alle ander feeste van die volk ingrypend beïnvloed. Spesiale kultuurorganisasies, byvoorbeeld plaaslike feeskomitees, is in die lewe geroep om feeste te struktureer en te reël. Hoewel die liggame nie almal ewe veel sukses hiermee gehad het nie, het dit wel die agtergrond vir gestruktureerde, volkseie kultuurbeoefening geskep.

Aangesien die vierings die gevolg van ‘n gelofte aan die Here was, het godsdiens altyd ‘n prominente rol in programme gespeel. Vir dekades lank het Geloftefeeste die sedelike, morele en godsdienstige lewe van Afrikaners gerig.²⁰ ‘n Studie van preke wat by Dingaansdagdienste gelewer is, is selfs ‘n aanduiding van die godsdienstige beleving, ingesteldheid en liturgie van ‘n bepaalde tyd. In afgeleë gemeenskappe waar kerke in vroeë jare ontbreek het, het feeste in

¹⁵ *De Kerkbode* 15(49), 1925-12-09 (Brief: J.S. (pseud), George), pp. 1654-1655.

¹⁶ J.S. de Wet, *Gelofte dag – ‘n Seën of vloek vir die Afrikanervolk?*, p. 6.

¹⁷ Anonymous, in Funk & Wagnalls Corporation, *Microsoft Encarta 96 Encyclopedia CD-Rom*, keyword: Oberammergau; M.J. Swart, Hoe Gelofte dag gevier moet word, *Die Voorligter* 41(12), November 1978, p. 10.

¹⁸ Anoniem, Wat beteken Gelofte dag vir ons?, *Handhaaf* 3(4), Januarie 1966, p. 4.

¹⁹ H.B. Senekal, *Die feesgebruike van die Afrikaanssprekendes op die Witwatersrand: ‘n Sosiologiese studie*, D.Phil.-proefskrif, U.P., 1970, p. 153.

²⁰ P.H. Kapp, *Ons Volksfeeste*, p. 46; P.H. Kapp, Die Afrikaanse Volksfeeste, in F.J.N. Harman (red.), *Ons vir jou Suid-Afrika*, p. 62; M.J. Swart, Vyftig jaar Gelofte dag, *Historia* 6(2), Junie 1961, p. 144.

die behoefte aan formele godsdiensterbediening beantwoord. Later het dit weer ‘n kans geskep om die Woord aan kerkloos feesgangers te verkondig.²¹ Daarbenewens het baie mense sendingwerk as deel van die nakoming van die Gelofte beskou en is daar na anderskleurige Suid-Afrikaners met die Evangelie uitgereik. Weens ‘n gebrek aan toepaslike primêre bronne, is dit moeilik om te oordeel hoe anderskleurige Suid-Afrikaners die vierings tussen 1838 en 1910 belewe het. Soms word terloopse melding wel gemaak van werkers wat blankes na feeste vergesel het of spesiale dienste wat op 16 Desember vir anderskleuriges gehou is.²² Enkele blankes se gevoel dat die benaming Dingaansdag aan ander rasse aanstoot kon gee, word ook sporadies aangetref.²³ Dit is egter eers na Uniewording wat meer eerstehandse getuienis gevind kon word oor die opinie van die grootste deel van die land se bevolking oor die feeste en vierders. Oor hulle emosies voor 1911, kan net gespekuleer word.

Naas godsdienstige oefeninge, het Geloftefeesprogramme swaar op ‘n historiese inhoud gesteun. Met die volksbyeenkomste wat in 1879 en 1880 om Dingaansdag in die ZAR plaasgevind het, is 16 Desember as basis van Afrikanervolksverset gevestig. Nadat die Anglo-Transvaalse Oorlog suksesvol vir die Transvalers verloop het, is ‘n nuwe dimensie vanaf 1881 tot herdenkings toegevoeg. Die fokus was nie meer net op die historiese agtergrond van die 1838-Gelofte gerig nie, maar ook op die nasionalistiese implikasies en toepassing daarvan.

Die verledebeeld wat tydens hierdie byeenkomste aan Afrikaners voorgehou is, het hulle historiese bewussyn en selfbeeld ten diepste geraak. Deur die herhaling van die Gelofte is die idee mettertyd by die vierders geskep dat hulle Suid-Afrika met bloed gekoop het, dat God se verhoring van hulle voorgeslagte se smeekgebede by Bloedrivier van hulle ‘n uitverkore volk gemaak het en dat hulle as sodanig ‘n besondere rol in dié land te speel gehad het. Uit hierdie gedagtes het die religieusgekleurde, historiese Afrikanernasionalisme gegroei wat die twintigste-eeuse geskiedenis van suidelike Afrika grootliks oorheers het. Vir talle Afrikaners het hulle geskiedenis ‘n kultus geword en hulle het die byeenkomste op 16 Desember tot polities-godsdienstige ritueel verhef. In die eerste helfte van die twintigste eeu het hulle die Trekkers se lyding en ywer gebruik as spieël van hulle eietydse volkstryd teen Britse oorheersing. Tydens en pas na afloop van die Anglo-Boereoorlog is feesredes by

²¹ *De Volkstem*, 1911-01-06 (Dingaansdag-Feesten), p. 10.

²² F.A. van Jaarsveld, Die eerste openbare viering van 16 Desember, *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 27(1), Maart 1987, p. 47.

²³ *Die Burger*, 1934-12-17 (Van alle kante), p. 5.

Dingaansdagvierings gebruik om die verslae volk te besiel en te bemoedig om die land weer op te bou. Mense kon oor hulle lyding praat en so emosionele afsluiting en heling beleef. Die feesprogramme moes verder dien om die opkomende geslagte te onderrig, motiveer, inspireer en aktiveer.²⁴

Gelofteherdenkings het dus ook 'n belangrike bydrae as opvoedkundige geleentheid gelewer. Saam met die ontwikkeling van 'n eie volksbewussyn, is baie by feeste gedoen om Afrikaans as taal te bevorder.²⁵ In 'n tyd waar boeke nog nie algemeen beskikbaar was nie, is mense selfs tydens feeste oor alledaagse sake soos die ekonomie en geografie ingelig.²⁶ Geskiedenis is beslis die vakgebied wat deurlopend die meeste aandag geniet het. Sleutelgebeure in die Suid-Afrikaanse verlede is gereeld deur mense wat dit self belewe het, aan jonger geslagte oorvertel en sodoende is 'n Afrikaanse tradisie van mondelinge oorlewering uitgebou. Terselfdertyd is mense aangemoedig om hulle eie kultuurhistoriese erfenis te waardeer en te bewaar. Dikwels het Dingaansfeeskomitees hulle byvoorbeeld beywer vir die versorging van voorvaders en oorlogslagoffers se grafte.²⁷ Geld is ook by Dingaansfeeste vir die bewaring van historiese terreine en geboue, of die oprigting van museums en monumente ingesamel.²⁸ Die sestende Desember het mettertyd in 'n gewilde datum vir die onthulling van gedenktekens geword — die Paardekraalmonument se amptelike inwyding in 1891 is seker een van die bekendste voorbeelde hiervan.²⁹ Verder het volksleiers die dag gebruik om standpunt oor aktuele onderwerpe in te neem en binnelandse volkereverhoudings te ontleed. Hulle standpunte het nie alleen die toehoorders ingelig nie, maar is vir latere geslagte telkens 'n goeie aanduiding van 'n bepaalde tyd se mense se algemene lewensuitkyk.

'n Interessante feit wat dikwels misgekyk word, is dat Dingaansfeeste oorspronklik ware gesinsfeeste was. Sestien Desember was 'n belangrike datum op die jaarlikse sosiale kalender en 'n gewilde kuiergeleentheid vir mense wat in afgesonderde streke woonagtig was. Ontmoetings by feeste het aan hulle die geleentheid gebied om sake te doen, vriendskappe te

²⁴ F.A. van Jaarsveld, *The awakening of Afrikaner Nationalism 1868-1881*, pp. 22-23; F.A. van Jaarsveld, *Omstrede Suid-Afrikaanse verlede. Geskiedenisideologie en die historiese skuldvraagstuk*, pp. 16-26; D.H. Akenson, *God's peoples. Covenant and land in South Africa, Israel, and Ulster*, pp. 68-69.

²⁵ P.H. Kapp, *Ons Volksfeeste*, p. 83; D.H. Groenewald, *Geloftedagprediking*, B.D.-skripsie, U.P., 1973, p. 18.

²⁶ M.J. Swart, *Geloftedag*, p. 25; *The Friend*, 1909-12-20 (Dingaans' Day), p. 4.

²⁷ P.H. Kapp, *Ons Volksfeeste*, p. 69.

²⁸ *The Friend*, 1909-12-17 (Dingaans' Day), p. 5; *De Volkstem*, 1911-01-06 ('t Vrouwe-Monument), p. 12.

²⁹ W.J. de Kock, Waar Paardekraal se vinger wys, *Die Brandwag* 11(640), 1950-01-06, pp. 18-19.

smee en selfs huweliksmaats te vind. Veral aan die begin van die twintigste eeu is programme só saamgestel, dat mans, vroue én kinders aan die verrigtinge kon deelneem. Dit was ‘n belangrike leerskool vir persone wat later die openbare lewe betree het, ‘n slypskool vir sprekers van alle ouderdomme en vir vroue ‘n unieke geleentheid om meer omtrent sake van die dag te wete te kom. Interessante sosiale gewoontes van ‘n bepaalde tyd word ook uit mense se optrede by feeste duidelik. Dit is byvoorbeeld fassinerend om te lees hoe ‘n heining van gegalvaniseerde yster pas voor oud-pres. Paul Kruger se begrafnis op 16 Desember 1904 langs Kerkstraat opgerig is om manlike en vroulike toeskouers van mekaar te skei!³⁰

Die invloed wat die Gelofte en herdenkings daarvan op die kunste gehad het, is van groot belang. Reeds pas na die Slag van Bloedrivier het dit skynbaar digters na die pen laat gryp.³¹ Dingaansfeeste het die uitvoerende kunste betekenisvol gestimuleer. Mense het graag by hierdie byeenkomste opgetree en mettertyd het hierdie aksies tot byvoorbeeld die skepping van kore, toneelgroepe en selfs die ontstaan van kunswedstryde gelei.³² Uiteraard het die kunstenaars gepaste materiaal vir feeste nodig gehad en gedigte, dramas en musiekstukke is spesiaal daarvoor geskep. Geleentheidsgeskrifte³³ en memorabilia van feeste, byvoorbeeld gedrukte programme of redes,³⁴ is ‘n kosbare nalatenskap waarin baie kultuurhistoriese inligting te vinde is.

Feesgangers se behoeftes het tot argitektoniese skeppings aanleiding gegee, byvoorbeeld feessale wat op terreine gebou is,³⁵ asook reeds genoemde monumente en museums. Die tradisie van klipstapelings by Gelofteherdenkings is ‘n studie op sigself werd. Dit was egter in die meeste gevalle eerder ‘n geestelike aksie, as ‘n poging om iets stofliks tot stand te bring.

Aangesien die jaarlikse byeenkomste op of om 16 Desember beskou kan word as ‘n speël van die volk se lewensuitkyk, intellektuele ontwikkeling en geestelike waardes op ‘n bepaalde tydstip,³⁶ kan die bywoningsgetalle daarvan ook as barometer van die volkstand dien. In

³⁰ *The Friend*, 1904-12-19 (De begrafenis van de leeuw van Rustenburg), p. [3].

³¹ Anoniem, Dingaansdagedigie [gedig], in G.S. Preller (red.), *Voortrekermense I. ‘n Vijftal oorspronklike dokumente oor die geskiedenis van die Voortrek met aantekeninge en bijlaë*, pp. 311-312; C. Hattingsh, Dingaans-Dag, 16 Desember 1838 [gedig], *De Volksstem*, 1876-12-16, p. [2]; Anoniem, Een vredeslied [gedig], soos aangehaal in F.A. van Jaarsveld, “Een Vredeslied”. ‘n Gedig deur ‘n Voortrekker, *Gelofte-dag* (1), 1953, p. 28.

³² D.H. Groenewald, *Gelofte-dagprediking*, B.D.-skripsie, U.P., 1973, p. 18.

³³ F.A. van Jaarsveld, Die eerste openbare viering van 16 Desember, *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 27(1), Maart 1987, p. 45.

³⁴ S.J.P. Kruger, *Aanspraak ZH Ed.* [sic] *den Staatspresident S.J.P. Kruger gehouden te Paardekraal, 16 Desember, 1891.*

³⁵ *Beeld*, 1984-12-13 (Berig), p. 19.

³⁶ *Dagbreek en Sondagnuus*, 1947-12-21 (Redaksioneel), p. 9; *Die Transvaler*, 1970-12-17 (Redaksioneel), p. 10; *Beeld*, 1980-12-15 (Geloftefees barometer van volkslewe), p. 11.

krisistye het opkomste aanmerklik toegeneem.³⁷ Die verskynsel hou verband met die mistiese inhoud wat die herdenking van die Gelofte mettertyd verkry het. Die idee het ontstaan dat entoesiastiese en verootmoedigende Geloftefeesvierings sou verseker dat die Here se seën op die Afrikaner sou rus. Negatiewe gebeure soos die Britte se anneksasie van die ZAR in 1877 en neerlae tydens die Anglo-Boereoorlog is direk toegeskryf aan nalating om die Gelofte behoorlik na te kom.³⁸

Met bogenoemde feite in gedagte, kan tereg verklaar word dat dit onmoontlik is om ‘n volledige, objektiewe beeld van die Afrikaner se kultuurgeskiedenis te vorm, sonder om oor ‘n kennis van Gelofteherdenkings te beskik.

3. GELOFTEHERDENKINGS NA 1910

Soos reeds genoem, het die jaarlikse herdenkings van die Gelofte van 1838 na 1910 tot ‘n nasionale fees gegroei. In 1994 het ‘n nuwe demokratiese bestel met ‘n swart meerderheidsregering in Suid-Afrika aangebreek. Die Afrikaner sou voortaan slegs ‘n gemarginaliseerde politieke rol vertolk en moes van volksfeeste wat voorheen tot openbare vakansiedae verklaar is, afstand doen. Die enigste uitsondering was 16 Desember, wat steeds amptelik ‘n publieke vakansiedag sou bly. Al sou dit vanaf 1995 as Versoeningsdag bekendstaan en is dit nie meer amptelik met die Gelofte van 1838 geassosieer nie, dui die blote behoud hiervan aan in watter belangrike lig dit deur die totale Suid-Afrikaanse bevolking beskou is.³⁹ Die feit dat 16 Desember só uitgesonder is, is verder beskou as ‘n versoeningsgebaar van die Regering teenoor Afrikaners.⁴⁰

In die dekades wat op 1910 gevolg het, het veranderings in herdenkings plaasgevind weens faktore soos tegnologiese ontwikkelinge, verstedeliking en die gevolglike versnelde lewenstempo, asook veranderde lewenswaardes. Veral sekularisasie het tot gevolg gehad dat

³⁷ P.H. Kapp, *Ons Volksfeeste*, p. 88; M.J. Swart, Vyftig jaar Geloftedag, *Historia* 6(2), Junie 1961, p. 145; *Dagbreek en Sondagnuus*, 1964-12-13 (Redaksioneel), p. 12; M.J. Swart, Waarna luister ons op Geloftedag?, *Die Huisgenoot* 42(2333), 1966-12-16, p. 19.

³⁸ S.J.P. Kruger, *Aanspraak ZH Ed. [sic] den Staatspresident S.J.P. Kruger gehouden te Paardekraal, 16 Desember, 1891*, pp. 1-5; D.W. Krüger, *Die viering van Dingaansdag 1838-1910*, p. 32; M.J. Swart, Geloftedag, pp. 37-38; *De Volksstem*, 1896-12-20 (Dingaansdag), p. s.n.; A.H. de Swardt, ‘n Dingaansfeesbelofte dertig jaar gelede afgelê, *De Kerkbode* 26(25), 1930-12-17, p. 1161; F.A. van Jaarsveld en F.J. Pretorius, Tussen lewe en dood. Briewe uit die Bloemfonteinse “Refugee Kamp”, 1901-1902, *Historia* 28(1), Mei 1983, pp. 43-44.

³⁹ Republiek van Suid-Afrika, *Wette van die Republiek van Suid-Afrika geklassifiseer en geannoteer van 1910 af XXIX – Sondae en Openbare Vakansiedae*, pp. 6, 22.

⁴⁰ *Beeld*, 1994-12-16 (Redaksioneel), p. 10.

die Sondagsheiliging van 16 Desember teen ongeveer 1990 net ‘n herinnering was. Hoewel wetgewing in dié verband steeds bestaan het, is dit nie eens meer op gewone Sondae toegepas nie,⁴¹ wat nog van Geloftedae. Tog het ‘n groep toegewyde Geloftenakomelinge in die een-en-twintigste eeu steeds voortgegaan om 16 Desember jaarliks met dieselfde ootmoed en danksegging te herdenk, as wat in 1838 die geval was.

‘n Wye veld van navorsingsonderwerpe met die herdenking van die Gelofte as agtergrond lê braak voor historici. Dit is te betwyfel of die laaste woord daaroor ooit geskryf sal word.⁴² Die voortgesette debat in die verband moet trouens verwelkom word. Vars insigte wat uit nuutgevonde gegewens of veranderende perspektiewe na vore kom, is immers deel van die dinamiese herontdekking en -opbou van die verlede.⁴³

Dit is noodsaaklik dat gegewens oor Gelofteherdenkings so gou en volledig as moontlik aangeteken en bewaar moet word. ‘n Geslag getroue feesgangers is stadig maar seker besig om die ewigheid in te skiet en saam met hulle gaan kosbare herinneringe verlore wat nie noodwendig in geskrewe bronne vasgelê is nie. Finansiële tekorte maak dit vir biblioteke en argiewe toenemend moeilik om wel die toepaslike gepubliseerde bronne te bekom, na behore te bewaar en vryelik aan die publiek beskikbaar te stel. Suid-Afrikaanse historici staan voor die uitdaging om hierdie inligting betyds te bekom en dit uit oorspronklike nuwe perspektiewe te bestudeer. Sodoende kan kennis oor Suid-Afrikaners se uiteenlopende benaderings tot die herdenking van die Trekkers se Gelofte van 1838, tot wedersydse begrip en versoening bydra.

⁴¹ D. Pienaar, Sondaghandel: Het ons die handdoek ingegooi?, *Die Kerkbode* 146(24), 1990-12-14, pp. 6-7.

⁴² M.J. Swart, By hierdie Geloftedag was daar drank en ‘n dobbel-meisie, *Die Huisgenoot* 42(2230), 1964-12-18, p. 18.

⁴³ P. Naudé, Die Gelofte - ‘n Godsdienstige perspektief, *Die Taalgenoot* 67(12), Desember 1998, p. 8.